Die Burger.

# UIT DIE VRYSTAAT.

X

(Deur VRYSTATER).

## GERARD MOERDYK.

In die nasionale ontwaking op elke gebied wat daar almeer ondervind word, word 'n ongemene belangstelling ook opgewek deur die eerste van ons eie hedendaagse kunstenaars in die argitektuur van die vadere, voordat die Engelse se doellose, vreemde en verknoeide begrippe van argitektuur vir ons land die egte, die eie nasionale rigting tot verval gebring het. Alles wat Gerard Moerdyk dan ook op argitektoriese gebied onderneem word met 'n besielende erns aangepak en dit is ook die geval met die studie van die ou Franse-Hollandse boustyl. Hy voel nog maar sy pad insake die oorsprong en inspirasie daarvan, maar dat hy eindelik die groot vraagbaak op die gebied van 'n sierlike Afrikaanse-argitektuur in die verlede en in die toekoms sal wees, dit betwyfel ek nie. Nou die aand het hy op Bloemfontein 'n voorlesing oor die onderwerp met ligplate gegee en hy het met die gehoor van Houtbaai deur Kaapstad en omstreke, deur Stellenbosch en die Pêrel en eindelik Wellington gestap en by elke ou stamvader van die lang verlede, so te sê, in sy sierlike woning aan die voordeur geklop; en as daar iets in die voorlesing ontbreek het volgens ek verstaan, dan was dit dat menigeen verlang het dat die voorleser die aspekte van die styl van die mees prominente woonhuise sou aangewys het. Daarvoor was die aand egter tekort. Maar later volg dit wel breedvoeriger. Hy kan nie anders nie as die vandalisme in die Wellington-distrik veral te betreur. In sommige gevalle vind hy op sy reis die uitkoms van die smaaklose vernielsug so groot, dat hy nie eens die moeite gedoen het nie, om party geboue op die plase van, Franse Hugenote eertyds, 'n portret te neem nie. Voordat die boukunstenaar definitief tot gevolgtrekkings kom, sal hy heel moontlik nog 'n dieper studie van die styl soos geopenbaar op die vasteland van Europa veral en in Engeland in die sewentiende eeu moet maak. Ek dink dat hy ten minste nog baie sal bydra om die basis vir 'n renaissance in ons nasionale styl te skep en daaroor mag ons uitermate bly wees.

MRDK 00161